# HOMOFILIE

DIE homofilievraagstuk het onlangs heelwat prominensie in die pers geniet na aanleiding van die Rapport oor Homofilie wat op die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gedien het.

Die historiese aanloop van die aangeleentheid was soos volg: Op die Generale Synode van Dordrecht, 1971/1972 het 'n Rapport gedien met die titel: „Over mensen die homofiel zijn". Hierdie Rapport is gestuur onder andere aan die kerke met wie die Gereformeerde Kerken in Nederland in korrespondensie staan met die versoek „haar mening te geven over de in het Rapport aan de orde gestelde zaken en hen te vragen op welke wijze naar hun inzicht gestreefd zou kunnen worden naar een gemeenschappelijke standpuntbepaling".[1]

Die Deputate vir Korrespondensie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het die Rapport in studie geneem en daaroor aan die Nasionale Sinode gerapporteer. Die bevinding van die Deputaterapport aan die Nasionale Sinode was dat die Hollandse stuk, „Over mensen die homofiel zijn", geheel en al onaanvaarbaar is.

## Hoofstrekking

Die hoofstrekking van „Mensen die homofiel zijn", (hierna genoem die Rapport) is kortliks soos volg: Daar is meer homofiele mense as wat gewoonlik vermoed word. Nagenoeg vyf persent van die mense in Nederland is homofiele, dit wil sê dat elke ouderling in sy wyk gemiddeld een lidmaat het wat homofiel is. Die probleem van die homofiele mens is dieselfde as die van die Jood in 1944: die Jood se fout was destyds nie dat hy 'n Jood was nie maar dat die Duitsers die Jode nie kon verdra nie. So is die probleem van die homofiele mens nie dat hy homofiel is nie maar dat die samelewing hom nie wil aanvaar nie.

Met hierdie uitgangspunt word vervolgens medies-psigiatriese gegewens ondersoek en 'n klimaatsverandering ten opsigte van die homofiele mens aangedui. Daarna word die gegewens van Ou en Nuwe Testament met betrekking tot die verskynsel van homofilie ondersoek. Voorts word die vraag gestel: Hoe verder? Dit word opgevolg deur 'n hoofstuk oor pastorale begeleiding. En uiteindelik word gestel dat die Homofilierapport deur die sinode as „discussiestuk" aanvaar is en dat besluit is om die deputaterapport „op ruime schaal beschikbaar te stellen als zijnde een goede bijdrage tot meningsvorming".[2]

Die Rapport kom in die gedeelte oor die Skrifgegewens tot die konklusie „dat het Oude zowel als het Nieuwe Testament zich beide over homosexuele handelingen afkeurend uitlaten".[3] Maar, volgens die Rapport, is met die eksegese van Bybeltekste nie alles gesê nie veral omdat die Bybel tydgebonde is en die verskynsel van menslike

„aanleg" nie ken nie. Oor Paulus se standpunt in die onderhawige saak sê die Rapport dat homofilie vir die apostel nooit 'n pastorale probleem was waarmee hy van naby te doene gekry het nie. „Wij achten het mogelijk, dat de apostel niet beter wist. We weten, dat hij van tijd tot tijd niet heeft geaarzeld te werken met het ‚van nature'. ‚Leert de natuur u niet . . . ?' Hij heeft gemeend, dat dit ‚van nature' vastlag, wist niet, hoe cultuurlijk het natuurlijke bepaald is . . . Men moet voortvarend tot de veel stoutere bewering, dat het kan voorkomen, dat hij de dingen ook beter weet en ziet dan de apostel . . . de kerk zal het inderdaad soms beter mogen en moeten zien dan de apostel".[4]

Die oplossing vir die Homofilievraagstuk wat in die Rapport aangedui word, is dat die kerk die homofiele mens moet aanvaar soos hy is en die verhouding tussen twee homofiele mense moet beskou as 'n ekspressie van wedersydse geneentheid. Die gemeente behoort betrek te word by die feestelike gebeure wanneer twee homofiele lidmate met mekaar verbind word, nie in 'n huwelik nie, maar in 'n verhouding analoog met die huwelik.[5] En as die kerk homofiele mense as lidmate aanvaar, behoort hy ook geen beswaar teen homofiele ampsdraers te hê nie. Nie net ouderlinge en diakens nie, „de gemeente moet er maar mee leren leven" dat die dominee „die op bezoek komt, homofiel is".[6] En homofiele teologiese studente mag die hoop koester dat hulle uiteindelik 'n gemeente sal vind „die geen moeite heeft een homofiele predikant met vriend in haar pastorie te aanvaarden".[7]

Die kritiese kommentaar wat die Deputate vir Korrespondensie aan die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika oor die Rapport voorgelê het, sal wel mettertyd in die Handelinge van die Sinode gepubliseer word. Daaroor word hier nie verder gehandel nie. Genoeg om te sê dat nie net die standpunt oor homofilie nie, maar ook en veral die wyse waarop die Skrif in die Rapport gehanteer word, vir die Gereformeerde wat leef by die belydenis van die gesag en genoegsaamheid van die Heilige Skrif, geheel en al onaanvaarbaar is.

## Besinning nodig

Die inhoud van die Rapport en die afwysing daarvan deur die Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika laat die vraag ontstaan: As die standpunt wat in die Rapport gestel is, onaanvaarbaar is, *hoe moet daar dan wel oor die vraagstuk van homofilie gedink word?* Wat hier volg, is maar 'n baie beknopte positiewe uiteensetting van 'n heel ingewikkelde probleem waaroor daar in die jongste jare heelwat geskryf is.[8]

## Wat homofilie is

Met die woord homofilie word die verskynsel aangedui van erotiese en seksuele aangetrokkenheid tot 'n persoon van dieselfde geslag, of om met Douma[9] te spreek: „*Homofilie* (is) een gesteldheid waarin men de natuurlijke geslachtsdrift ontbeert en zich overwegend of alleen tot seksgenoten aangetrokken voelt".

Die homofilievraagstuk het tegelykertyd 'n psigologiese, pastorale en etiese inslag. Wat die *psigologiese* betref, bestaan daar verskil van mening oor die oorsprong van homofilie as verskynsel. Een standpunt is dat alle mense heterofiel gebore word en dat sommige mense as gevolg van omgewingsfaktore, soos die verhouding tussen vader en moeder, homofiele neigings ontwikkel. 'n Ander standpunt is dat sekere mense met 'n homofiele aanleg gebore word en dus nooit van hierdie „natuurlike" aanleg ontslae kan raak nie.[10] Hoe dit ook al sy, die homofiele mens beleef en ervaar sy erotiese geneentheid tot persone van dieselfde geslag as net so 'n egte liefde as wat die heterofiele mens die liefde tot die teenoorgestelde geslag beleef en ervaar. Hierdie verskynsel kan ook by gelowige Christenmense voorkom. Trouens, in die jongste tyd sedert die „klimaatsverandering" in Nederland, kom die homofiele Christene steeds meer vorendag met hul probleem en soek pastorale hulp by die predikante.

So word dit 'n *pastorale* vraagstuk. Die homofiel kom klae sy nood by die pastor dat hy „anders" is as ander mense en dat hy nie raad weet met sy „andersheid" nie, en veral dat die samelewing hom as gevolg van hierdie „andersheid" nie wil aanvaar nie, hom veroordeel en hom verstoot. Die gevolg is dat die homofiele mens geïnhibeer raak en die slagoffer word van allerlei verdronge en soms nie verdronge skuldkomplekse.

As die pastor op hierdie moeilike probleem 'n antwoord wil vind, moet hy hom na die Woord van God wend. En so word dit ten diepste 'n *etiese* vraagstuk waarin voor alles na die gesagvolle en genoegsame Woord van God geluister moet word voordat daar getrag word om pastorale advies te gee.

## Skrifgegewens

Wat sê die Woord van God oor die erotiese en seksuele aanleg van die mens en die uitlewing daarvan?

In Gen. 1 : 27: „man en vrou het Hy hulle geskape" — en Gen. 2 : 24: „Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle sal een vlees wees" — het God sy skeppingsordinansie gegee. Dit is die van God verordineerde weg vir die uitlewing van die erotiese en seksuele aanleg: die monogame huwelik tussen man en vrou. As God dit anders wou gehad het, sou Hy seker vir Adam 'n mede-man as hulp wat by hom pas, geskape het. Daar sit meer agter as net wat 'n mens met die eerste oogopslag lees. Paulus verklaar: „Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente" (Ef. 5 : 32). Die verhouding tussen God en sy volk, Christus en sy gemeente, word afgespieël in die heterofiele huwelik tussen man en vrou — en nie in 'n homofiele verhouding tussen twee mans met mekaar of twee vrouens met mekaar nie.

Die feit dat die verskynsel van homofilie en homoseksuele bedrywigheid voorkom as 'n onderdeel van die goddeloosheid van Sodom en Gomorra in Gen. 19 : 5 het 'n pregnante betekenis. Hier gaan dit nie om die homofiele aanleg sonder meer nie maar om die brutale uitlewing daarvan. In die konteks van 'n totaal goddelose

stad word die brutale uitlewing van homoseksualiteit aangetref — in so 'n milieu behoort dit tuis.

In Rigters 19 : 16—26 speel 'n soortgelyke geskiedenis as dié in Sodom hom af. Dis die verhaal van die Levitiese man uit Efraim wat deur Gibea gereis het. Hier word die inwoners van Gibea beskryf as „slegte manne" en hul homoseksuele voorneme as 'n „skanddaad" (19 : 22, 24).

Ook die Mosaïese wette laat geen onduidelike geluid hoor: „Met 'n manspersoon mag jy ook nie gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n gruwel" (Lev. 18 : 22). En: „as 'n man met 'n manspersoon gemeenskap het soos 'n mens met 'n vrou het, het hulle altwee iets gruweliks gedoen. Hulle moet sekerlik gedood word. Hulle bloedskuld is op hulle" (Lev. 20 : 13). *Gruwel, bloedskuld, doodstraf* — dit is die grimmige trefwoorde in hierdie verbod. En: „Daar mag geen hoer uit die dogters van Israel wees nie; en daar mag geen skandseun uit die seuns van Israel wees nie" (Deut. 23 : 17). *Hoerery* en *homoseksuele* praktyke word hier in dieselfde asem as gelykstaande euwels genoem — albei met die *dood* strafbaar.

Nou kan geredeneer word dat hierdie bevele tussen seremoniële voorskrifte staan en dat hulle daarom nie meer geldende krag het nie omdat Christus die seremoniële wet volbring het en dit daarom afgeskaf is. Wie so redeneer, sou ook die Tien Gebooie van alle krag beroof. Die saak is dat hoeseer die seremoniële en die sedewette vermengd voorkom in die boeke van Moses, die twee steeds onderskei moet word. So is daar talle sedelike voorskrifte in die wette van Moses wat vandag nog net so waar en geldend is, as toe hulle gegee is.

In die beskrywing van die afgodery en verdorwenheid van Juda in die dae van koning Rehabeam word as deel van die korrupsie gemeld: „En daar was ook skandseuns in die land. Hulle het gehandel volgens al die gruwels van die nasies wat die HERE voor die kinders van Israel uit verdrywe het" (1 Kon. 14 : 24). Dit was die ironie van Israel se afdwaling. God het die heidene as gevolg van hul afgodery en tempelprostitusie uit die land verdrywe en die land aan Israel gegee. En nou kom bedryf Israel, die volk van die HERE dieselfde euwels van hetero- en homoseksuele tempelprostitusie in die land.

Uit al bostaande gegewens is dit baie duidelik dat die Ou Testament, soos dit ook in die Rapport gestel word, elke vorm van homoseksuele omgang verbied.[11] Die etiese strekking van die Ou-Testamentiese bepalinge loop deur in die Nuwe Testament enersyds as 'n reël van dankbaarheid vir die verlossing deur die kruis en opstanding van Christus, andersyds as 'n waarskuwing dat die wat na hierdie voorskrifte nie luister nie en in die kwaad volhard, die koninkryk van God nie kan beërwe nie.

So skryf Paulus aan die Romeine: „Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in die wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoormekaar ontbrand: manne het met manne skande-

likheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang" (Rom. 1 : 26, 27). Ook hier is die trefwoorde tekenend: *skandelike hartstogte, teen die natuur, skandelikheid, dwaling.*

In 1 Kor. 6 : 10 hanteer die apostel die sleutelmag: „Geen sodomiete .... sal die koninkryk van God beërwe nie". Hier word sodomiete genoem tussen hoereerders, afgodedienaars, egbrekers, wellustelinge, diewe, gierigaards ens.

Dieselfde gebeur in 1 Tim. 1 : 19 waar sodomiete tussen 'n aantal ergerlike sondaars genoem word.

'n Laaste plek uit die Nuwe Testament „...soos Sodom en Gomorra en die stede rondom hulle wat op dieselfde manier as hierdie mense gehoereer en agter vreemde vlees aangeloop het, as 'n voorbeeld gestel is, terwyl hulle die straf van die ewige vuur ondergaan" (Jud. 7).

## Samevatting van Skrifgegewens

Uit die voorgaande Skrifuitsprake is duidelik dat homofiele aanleg teen-natuurlik is en dat homoseksuele dade sonde is en dat as daar in sulke dade volhard word, so 'n mens die koninkryk van God nie kan beërwe nie. Dit word deur die Skrif genoem op dieselfde vlak as ernstige oortredinge soos owerspel, diefstal, dronkenskap, moord. Wie hierin volhard, word verslaaf aan 'n vreemde mag. Seksuele vergryp het nie alleen betrekking op wat 'n mens *doen* nie, maar dit tas die *wese* van die mens aan, soos Paulus dit stel: Hy wat 'n hoer aanhang, is met haar een liggaam — 1 Kor. 6 : 16.

Die uitdruklike bevele van God geld nie net diegene wat tot die *daad* oorgaan nie, dit geld ook vir diegene wat daartoe *geneig* is. Vergelyk in die verband die verklaring van die Heidelbergse Kategismus van die Tiende Gebod.[12]

Voorts berus die bevel tot bekering nie op die bekwaamheid van die mens om hom te bekeer nie — watter mens sou op so 'n basis vir God aanvaarbaar wees? Die eis tot heiligmaking geld onverswak, ondanks die mens se onvermoë tot heiligmaking. Die wet is juis 'n tugmeester wat die sondaar na Jesus Christus dryf.

## 'n Pastorale antwoord op die probleem van die homofilis

Die kerk bewys sy homofiele lidmate geen diens deur die weg op te gaan wat in die Rapport opgegaan word nie. Die weg naamlik om vir die homofiel te sê: die Bybel verbied nou wel homofile, maar die Bybel is tydgebonde en daarom kan sy uitsprake maar rustig opsy geskuif word en homoseksuele verbintenisse in die kerk aangegaan word. 'n Geneesheer bewys sy pasiënt wat maagkanker het, geen diens deur uit valse menslikheidsoorwegings te diagnoseer dat die pasiënt maar net 'n ligte maaggriep het nie.

As die Bybel homoseksualisme as 'n pad na die dood diagnoseer, dan is dit wreed van die kerk om aan die homofilis te sê: Gaan maar voort op hierdie pad.

Daar moet dus 'n ander weg gesoek word.

Die weg is gegee in die verlossende krag van Jesus Christus en

die heiligmakende werk van die Heilige Gees. Dit hou in dat onvervals en onverswak aan die homofilis gesê moet word wat die Skrif van homoseksualiteit sê en dat die homoseksuele mens geroep sal moet word om sy verantwoordelikheid te besef. Hierdie oproep tot bekering moet natuurlik nie as 'n hooghartige bevel uitgereik word nie maar as 'n liefdevolle eis, begelei met die versekering van God se vergewende genade in Christus en sy liefde wat van ons meer as oorwinnaars maak in die haglikste omstandighede. Die houding van die pastor en die gemeente sal jeens hierdie mens veel van die liefde van Christus moet uitstraal. Want net soos die prostituut, die alkoholis, die seksmaniak, die kleptomaan is hierdie mens in 'n besondere greep van die Bose wat hom van God af na die verderf wil sleep. En veral die pastor sal saam met so 'n mens in die gebed moet worstel in sy nood, 'n worsteling wat jare mag duur.

Natuurlik is die gebruik van mediese en psigiatriese hulpmiddele om so 'n mens te normaliseer, nie uitgesluit nie maar ingesluit in die poging om hom te red.

Voorts het die kerk 'n groot verantwoordelikheid om veral die jeug te waarsku teen seksuele en veral homoseksuele „eksperimente". Die versoeking op hierdie gebied is baie groot veral waar daar groepe jongmense van dieselfde geslag in koshuise en kasernes saamgetrek word.

Prof. P. W. Buys.

---

1 Gereformeerde Kerken in Nederland. Generale Synode. Rapport: Over mensen die homofiel zijn. *Kerkinformatie* 2, 1 Jan. 1972, p. 30. Voortaan aangedui as Rapport.
2 Id., p. 27.
3 Id., p. 21.
4 Ibid.
5 Id., p. 24, 25.
6 Id., p. 25.
7 Id., p. 30.
8 Vergelyk die aangehegte Literatuurlys.
9 Homofilie. *(In:* Douma en Velema: Etisch Kommentaar, p. 7).
10 Id., p. 66 v.
11 Rapport, p. 16.
12 Sondag 44.

LITERATUURLYS:

Bailey, D. S.: Homosexuality and the Western Christian Tradition, London, 1955.

Bonda, J.: De homofilie als pastoraal probleem. *Gereformeerd Weekblad*, 26, (1970/71), p. 241 v.

Bovet, T. e.a.: Problemen der Homofilie. Tübingen, 1965.

Brussaard, A. J. R.: Is de homofiele verbintenis toelaatbaar? *Gereformeerd Weekblad*, 27, (1971/72), p. 78 v.

Douma, J.: Homofilie. (In Douma en Velema, Etisch Kommentaar. Amsterdam, 1973).

Eck, M.: Homosexualiteit, Aula, 401, Antwerpen, 1969.

Gereformeerde Kerken in Nederland, Generale Synode. Rapport: Over mensen die homofiel zijn. *Kerkinformatie,* 2, 1, Jan. 1972.
Kimball Jones, H.: Towards a Christian understanding of the Homosexual. Londen, 1967.
Ridderbos, S. J.: Bijbel en homosexualiteit. *Bezinning,* 14 (1959), p. 137 v.
Sengers, W. J.: Homosexualiteit als klacht. Bussum, 1969.
Van Veen, J.: Wat zegt de Bijbel over homofilie? Apeldoorn, 1973.